DEEL 117 | WEEK 27 | 4 JULIE 2025 | R5

# HEILBRON HERALD

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR



## Mik. Vuur. Kou! Dis Biltongseisoen, Boet!

*Foto geleen vanaf Facebook: Buks, Herman en Danny Claasen*

# SUID-AFRIKANERS SAL MOET OPDOK

Suid-Afrikaners staan van hierdie maand af voor 'n nuwe vlaag van lewenskosteverhogings wat hul sakke hard gaan tref. Vanaf 1 Julie 2025 het nuwe elektrisiteitstariewe landwyd in werking getree, met verhogings van tot 13,4% in sommige gebiede. Hoewel Ngwathe self nog nie amptelik hul tariewe vir 2025/26 vrygestel het nie, volg hulle gewoonlik dieselfde koers as ander munisipaliteite en pas Eskom se goedgekeurde verhogings toe – wat reeds vanaf 1 April vanjaar met 12,74% gestyg het. Dit beteken verbruikers betaal nou gemiddeld meer as 220c per kilowatt-uur. Huishoudings in dorpe soos Heilbron, Parys, en Edenville kan nou tussen R250 en R330 meer per maand aan elektrisiteit spandeer, afhangend van hul verbruik. Asof die nuwe elektrisiteittariewe nie genoeg was nie, het brandstofpryse op 3 Julie ook weer gestyg. 95-Oktaan petrol het met 52c per liter gestyg, 93-oktaan met 55c en diesel is tussen 82c en 84c per liter opwaarts aangepas. Dit volg ná vier maande van afnames en het plaaslike motoriste en vervoerondernemings onverwags getref. Vir Heilbron se inwoners, waarvan baie daagliks pendel tussen dorpe of op vervoer vir werk staatmaak, beteken dit hoër koste vir elke rit – iets wat reeds besighede, skole en instellings begin beïnvloed. Die plaaslike taxi-assosiasies het reeds gewaarsku dat tariewe moontlik aangepas sal moet word. Die tariefverhogings kom op 'n tydstip waar die Ngwathe Munisipaliteit self onder kritiek verkeer vir swak dienslewering en 'n skuldlas van meer as R1,5 miljard aan Eskom en Rand Water. In Heilbron is daar gereelde klagtes oor wateronderbrekings, en infrastruktuur wat nie herstel word nie. Met min vertroue in plaaslike bestuur en beperkte alternatiewe, draai sommige inwoners na sonkrag as 'n oplossing – hoewel die koste van installasie 'n groot struikelblok vir lae- en middelinkomste gesinne is. Heilbron se mense bevind hulself in 'n benarde ekonomiese tyd. Met stygende elektrisiteit- en brandstofpryse, swak dienslewering, en 'n gebrek aan munisipale verligting, is dit duidelik dat die komende maande 'n groot aanpassing sal wees vir gesinne en besighede.









# Free State health services have become a death trap

*By Dr Igor Scheurkogel MP and David Masoeu MPL - DA NCOP Delegate for the Free State and Member of the Free State Legislature*

The Free State Department of Health has become a death trap for far too many residents due to its ongoing failure to provide basic healthcare services and life-saving medication. In recent months, the situation has worsened dramatically.

In November 2024, it was reported that clinics in the Mafube Local Municipality were dispensing expired medication. This was not an isolated case. In 2025, similar reports emerged from Orangeville in Metsimaholo Local Municipality, highlighting a dangerous and systemic collapse in basic healthcare services in the Free State.

In one of the most tragic incidents, Mr Rudolph Holtzhausen, a paramedic from Sasolburg, passed away on 15 May 2025. For two consecutive months, the Sasolburg Clinic failed to provide him with essential medication. His death could have been prevented.

Two recent cases, reported by Henry Thomas and Itumeleng Mofokeng, indicate that patients at Fezi Ngubentombi Hospital (Sasolburg), Pelonomi Hospital (Bloemfontein), and Boitumelo Hospital (Kroonstad) have either been misdiagnosed, denied basic wound care, or sent away without critical medication.

Two of these patients have suffered permanent physical damage and emotional trauma as a result of gross medical negligence. See evidence of negligence here.

These failures are not isolated incidents. They reflect a broader breakdown in the Free State's public health system. Despite this, when the DA tabled a motion in the National Council of Provinces calling for urgent intervention in the Free State Department of Health, it was opposed by the ANC.

This proves that ANC representatives in the NCOP are unwilling to hold the provincial department accountable, even as lives are being lost. See the video here.

The DA will not stand by while Free State residents suffer and die due to the mismanagement of health services by the Department of Health. We are taking the following urgent steps:

Conduct oversight visits and submit written questions through DA Free State MPL David Masoeu to expose conditions on the ground.

Submit a formal complaint to the Public Protector to investigate gross negligence in the Free State's public health facilities.


Launch a province-wide petition to demand accountability from the Department of Health and consequence management for officials who have failed in their duties.

Continue to raise the issue in the NCOP, using every parliamentary tool available to demand urgent reform and intervention.

Section 27(1)(a) and (2) of the Constitution of South Africa guarantees that:

"(1) Everyone has the right to have access to – (a) health care services, including reproductive health care; (2) The state must take reasonable legislative and other measures, within its available resources, to achieve the progressive realisation of each of these rights."

The Free State government is failing in this constitutional duty. The DA will continue to hold them accountable until every person in the province receives the healthcare they deserve.



## Uit die Pen:

Week 27

Ek verstom my aan mense wat nie luister nie. Ek bedoel om aktief te luister. Ek wens ek het geweet hòè hulle luister.

Ons maatskappy het elke Vrydag twee kort opleidingsessies. Die eerste sessie is 'n kort inligtingsessie oor 'n sekere proses waarmee ons besig is. Dalk oor die eksamensiklus, die volgende week kan iemand anders praat oor die administratiewe stelsel, die week daarna is daar iemand wat gesels oor hoe ver hulle navorsing is en dies meer.

Baie insiggewend. Dit keer dat elke afdeling in sy eie persoonlike silo werk.

Die tweede sessie is oor 'n ander onderwerp. Verlede Vrydag was dit e-posetiket. Daar was ook 'n opleiding oor hoe om kollegiale bande te bou en te handhaaf. Iemand het gesels oor die interessante gebruike van excel.

Net so insiggewend.

Onlangs het ons 'n opleidingsessie in luister gehad. Hy het dit "The Art of Listening" genoem. Dit is voorwaar 'n kunsvorm, as ek so rondom my kyk.

As daar na iemand geluister word, voel die spreker dat hy of sy gehoor word, hulle voel dat iemand hulle raaksien en hulle voel dat die gehoor hulle verstaan. As die gehoor aktief luister, sal hulle dalk agterna ingeligte vrae kan vra.

Om te luister, moet jy klanke kan interpreteer, jy moet bewustelik luister, aktief met die kommunikasie omgaan en probeer om, sover moontlik, sin te maak van wat jy hoor.

Om 'n sensitiewe luisteraar te wees, moet jy geduldig en nuuskierig wees. Jy moet ten volle teenwoordig wees gedurende die gesprek. Jy moet kan reageer op wat jy hoor, en ook kan bevestig wat jy tans hoor.

En dan moet jy empaties wees teenoor die spreker. Gedurende 'n gesprek moet jy nie besig wees met ander take nie. Moenie op jou foon netwerk24 lees nie, moenie na WhatsApp-boodskappe kyk nie. Luister. Met al jou aandag.

Maak seker dat jy verstaan wat die spreker gesê het voordat jy reageer. En wanneer jy reageer, maak seker dat jy die emosies so effens in toom het. Ek weet dit is moeilik, maar probeer maar.

Daar kan verskillende redes wees waarom iemand nie luister nie. Die twee belangrikste redes is jou persepsie oor die spreker en jou persepsie oor jouself.

Ons mense is gerat vir terugantwoord, maar nie om te verstaan nie.

Laasgenoemde stelling het my volle aandag gehad, want dis presies wat ek altyd wil doen: ek wil eers reageer en daarna vra of ek reg verstaan het. Julle ken die gevoel.

Ek het in hierdie week 'n gesprek met 'n kollega gehad. Sy is 29. Nie dat dit saakmaak nie, maar ek dink dit verklaar 'n paar dinge waaroor ek wonder. Daar was darem twee getuies wat my weergawe van gebeurtenisse kan verdedig.

"Sal jy asseblief volgende keer…"

"Maar ek doen dit!" val sy my in die rede.

"Sal jy asseblief luister na my hele sin en nie net reageer…"

"Ek luister na jou hele sin!" val sy my weer in die rede.

"Kan ek kans kry om klaar te praat?"

"Ek het dit nie gedoen nie!" Ek het teen hierdie trant nie 'n idee waaroor sy dink hierdie gesprek handel nie.

"Sal jy asseblief vir 'n rukkie luister na wat ek wil sê voordat jy reageer?" vra ek, nogal redelik mooi. En nie 'n onredelike versoek nie. Dink ek.

"Ek het jou kans gegee!" Sy vat haar selfoon waar dit op die tafel gelê het en begin boodskappe tik.

"Sal jy asseblief nie weer vir my assistent sê om…" Ek kom nie ver nie.

"Ek sê mos ek het nie!" Sy gaan aan om boodskappe te tik.

Ek leun vorentoe om te kyk wat sy op haar foon maak. Sy kyk *abrupt* op, binne-in my vraende oë, sy verstel haar wagwoord en tik weer.

My kollega kom tot my redding.

"Ek dink sy wil vir jou sê dat jy nie.."

"Maar ek doen dit nie!" Ek sien hoe haar hande begin bewe en daar wil-wil 'n traan in haar oë vorm. Hoekom wil sy nie net luister nie, wonder ek? Was sy nie ook by die opleiding oor *The art of Listening* nie?

Ek weet dat hierdie gesprek klaar verlore is. Die luisteraar is definitief net ingestel op haar terugvoer, meer as om te luister. En gefokus op haar selfoon. Nie op die probleem wat ons probeer uitstryk nie.

Ek sit terug en vou my hande. Volgens my is die gesprek afgehandel want ons redeneeer soos 'n passer in 'n Graad 10 meetkundeklas. Al om dieselfde punt, maar ons kom nêrens nie.

Sy sien my frustrasie en sy gryp haar selfoon. Begin weer tik. Hierdie keer wonder ek nie meer wat sy op haar selfoon doen nie. *Mind you*, ek wonder oor niks nie.

Ek wonder wel hoekom party mense nie luister nie, ten spyte van die lang sessie daaroor.

Ek wonder nie meer hoekom ons land in hierdie toestand is nie: want meer as die helfte van die bevolking luister nie meer nie. Luister nie na iemand wat vanuit 'n gesagsposisie kan (en mag!) praat nie. Luister nie meer na leiding van iemand anders nie. Slaan nie ag op ouer en meer ervare mense se gesprekke en moederlike leiding nie. Ook nie op opleidingsessies oor hoe om te luister nie.

Ek kom agter hoe belangrik hierdie kort opleidingsessies is.

Dis nou vir diegene wat gefokus daarna luister. Ek wens ek het geweet of hulle regtig luister.

# Omgee en gemeenskapsgees word waardeer



Op die foto vl: Elandi Bronkhorst, Tannie Rita Janse van Rensburg en Nadéne Naudé (Bestuurder van Arrie Nel Apteek).

Met die winter wat sy koue greep op Heilbron verstewig, is dit geen geheim dat bejaarde mense meer vatbaar is vir verkoues, griep en ander gesondheidsprobleme nie. In 'n hartverwarmende gebaar het Arrie Nel Apteek, saam met 'n goedhartige samaritaan wat anoniem wil bly, besluit om 'n verskil te maak.

Hulle het 'n waardevolle skenking van vitamienaanvullings aan Huis Bron-van-Heil gemaak – 'n bejaardesorgsentrum wat daagliks na die gesondheid en welsyn van seniors omsien. Die aanvullings sal help om die inwoners se immuunstelsels 'n hupstoot te gee in hierdie uitdagende seisoen.

Die personeel van Huis Bron-van-Heil het hul opregte dank uitgespreek en gesê dat die bydrae nie net gesondheid bevorder nie, maar ook 'n gevoel van omgee en gemeenskapsgees bring.

Dít is nog 'n voorbeeld van hoe klein dade van goedhartigheid groot verskille in ander se lewens kan maak – veral wanneer die winter sy koue hande uitsteek.

## VF Plus wil bekwaamheid bo kaders in Ngwathe-herstelplan sien

*• Tammy Breedt*
*VF Plus-LP in NRP*
*(Vrystaat)*

Die VF Plus verwelkom die uitspraak van die Vrystaatse hooggeregshof wat die provinsiale regering beveel het om dringend in te gryp by die wanfunksionele Ngwathe-plaaslike munisipaliteit (Edenville, Heilbron, Koppies, Parys, Vredefort).

Hierdie hofbeslissing bied 'n geleentheid om die wanbestuur en verval in die munisipaliteit om te keer, mits bekwaamheid die grondslag van die herstelplan vorm en nie politieke kaders nie.

Die verval van Ngwathe is die direkte gevolg van onbevoegde bestuur en die afwesigheid van verantwoordbaarheid. Inwoners ervaar dit daagliks in die vorm van watertekorte, sanitasiekrisisse en gebrekkige dienslewering. Die tyd vir simboliese ingryping is verby, daar moet nou daadwerklik en met kundigheid opgetree word.

Provinsiale administrasie is egter nie 'n waarborg vir sukses nie. In ses ander Vrystaatse munisipaliteite waar dieselfde model toegepas is (Mangaung, Tokologo, Mafube, Kopanong, Maluti-a-Phofung en Nala) het ingryping nie die gewenste resultate gelewer nie. Die aanwys van amptenare sonder plaaslike kennis of toepaslike ondervinding is telkens 'n resep vir mislukking.

Die VF Plus dring aan op 'n duidelik omskrewe en gedeelde herstelstrategie, met meetbare kort-, medium- en langtermyn doelwitte wat deursigtig gekommunikeer moet word aan die munisipale raad en gemeenskap.

Hierdie strategie moet 'n volledige ontleding van personeel se vaardighede en ondervinding insluit, opleiding waar nodig, afdanking van onbevoegde personeel wat bygedra het tot die huidige krisis en realistiese planne om kontantreserwes op te bou vir instandhouding, opgradering en nuwe infrastruktuur.

Slegs dan sal dienslewering verbeter en kan inwoners van Ngwathe weer hoop hê vir aanvaarbare lewensomstandighede.

Die ANC se beleid van kaderontplooiing en regstellende aksie staan tussen mense en dienslewering. Solank hierdie beleid in plek is, het geen ingryping 'n werklike kans op sukses nie.

Wat nodig is, is bevoegde mense met ervaring in plaaslike regering en 'n begrip van die unieke uitdagings van dorpe soos Parys, Vredefort, Heilbron en omliggende gebiede.

Die VF Plus verbind hom daartoe om bevoegde raadslede beskikbaar te stel en die herstelproses streng te monitor sodat inwoners nie weer die prys betaal vir politieke mislukkings nie.

Hierdie hofuitspraak moet die begin van 'n werklike ommekeer wees.

Navrae: 082 490 6663663

# Hoe verklaar jy dit?

## *By Huppel Trippel*



*Op die foto agter vl: Yvonne Smit en Sylvia Meades. Voor: tannie Rita wat 'n stoel het wat net vir haar ge-allokeer is.*

As mens menings en feite uitruil oor enigiets van dubbeldoor-eiers en tweeling-kalwers tot waterwys kan jy verbasing en aha-oomblikke verwag. Weet jy hoe lank is elke vin van ñ wind turbine? En weet jy wat is die rol wat jou brein speel wanneer jy seerkry? Dít en sommer nog baie ander sake was bespreek en menings uitgeruil. Oor twee weke, op 15 Julie, is Nonna die aanbieder wanneer sy almal gaan trakteer op inligting oor die veranderings in haarstyle deur die dekades. Kom kuier gerus saam; en leer nuwe mense ken. Sien jou dan!




Since
YOUR BOILERMAKING SOLUTION
STAINLESS
& MILD STEEL
SOLUTION
GEREGISTREER BY SABS
JACO SWART:
082 392 9819
jaco@ejsm.co.za
MARTIN SWART:
082 389 7961
martin@ejsm.co.za
EDDIE SWART:
082 449 9113
eddie@ejsm.co.za
Tyd-effektiewe Diens
vir die landbousektor
Vervaardiging: VLEKVRY & SAGTE STAAL
• GIF MENGTENKS
• SAADMENGERS
• STATIESE TENKS
(304, 316 EN SAGTE STAAL)
• SPIRAAL ROLLER
• STROPER SLUITPARTE
• VERVOERBANDE
• WAENS
• SPUITE
Cnc Plasma Snywerk:
• SAGTE STAAL - SNY TOT 30MM DIKTE
• STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 20MM DIKTE
• BUIG, ROL & GUILLOTINE SNY OOK BESKIKBAAR
www.ej

2005

SWL. 8000 KG

## Herstelwerk:

- AGRI IMPLEMENTE
- ALGEMENE SWEISWERK
- SLEEPWA ONGELUK HERSTELWERK




## Trailers: ONDERDELE & SEILE

triangle

WEWELER

HENRED FRUEHAUF





## Bearings:

- ALLE TIPE BEARINGS
- RATKASTE
- MOTORS
- SPROCKETS
- LASER SNY VAN AGRI-SPROCKETS



BEARINGS INTERNATIONAL

BMG

## Hidrolies:

- VOLLEDIGE HIDROLIESE SISTEME
- ALLE GROOTTE PYPE
- MULTI-SPIRAL PYPE
- SILINDERS
- MOTORS





## Cnc Laser Snywerk:

- SAGTE STAAL - SNY TOT 20MM DIKTE
- STAINLESS & ALUMINIUM - SNY TOT 12MM DIKTE
- SNY MET 'N TOLERANSIE VAN ± 0.003 VAN 'N MM





n.co.za

# DA to report another failed multimillion-rand Ngwathe project to Hawks

The Democratic Alliance (DA) in Ngwathe will report yet another failed multimillion-rand infrastructure project to the Hawks, this time involving an incomplete 1 km paved road in Sandersville. Shockingly, the contractor at the centre of this failure is the same one responsible for the unfinished low-level bridge project.

Days after the DA conducted oversight and investigation at the Sandersville - S Section, we learnt that the very same contractor responsible for building the low-level bridge was also supposed to complete an almost 1 km paved road from Sandersville to Phiritona. The road was only scraped and left incomplete.

R3 538 489.46 was paid to the contractor of the initial R6 579 580.88, with the contractor also undertaking non-construction work within the last year.

With a balance of R3 041 091.42, it is evident that this project will also not be completed, as the contractors have already left Heilbron, and no work has been done within the last year.

Why was the contractor also paid so much money with little or no work being done?

This seems very questionable, as the same contractor received money for no work done on the low-level bridge that was supposed to be built between Sandersville and the S Section.

The road that is supposed to be built must connect the two communities and is a much shorter way to enter one area from the other, instead of having to move through town. Pupils, mostly from Phiritona, are attending school in Sandersville, and this road will mean less transport money for the parents to pay.

This can't be left as is. Our community deserves better, and we, as the DA, will fight for the betterment of our community. The project was approved, and the municipality should take responsibility for this failed project.

We will also write to the Municipal Manager to seek immediate answers while waiting for investigations from the Hawks. The ANC-governed Ngwathe Municipality is not taking service delivery seriously, as it is always the community that has to suffer.

We need answers as to why money is paid to contractors without any oversight. This is unacceptable, and we will not rest until all funds are recovered to complete this project.






## VKB Rugbyweek gee plattelandse talent 'n kans om te skitter



*Johannes van Wyk*

Die jaarlikse VKb Rugbyweek het dié week vir die 24ste keer plaasgevind en weereens bewys waarom dit so 'n belangrike toernooi vir jong rugbytalent in die platteland is. Die doel van die toernooi is om aan kinders wat nie die geleentheid kry om op Akademie-vlak te speel nie, maar steeds oor uitsonderlike talent beskik, 'n platform te bied om raakgesien te word – selfs vir moontlike keuring tot 'n Suid-Afrikaanse span.

Hierdie jaar het die toernooi 'n opwindende toevoeging beleef met die inskrywing van 'n ekstra provinsiale span – 'n ontwikkeling wat beslis 'n hupstoot vir die kompetisie gegee het. VKb het boonop besluit om hul eie span saam te stel, bestaande uit spelers van verskillende skole in die streek.

Een van die plaaslike sterre, Johannes van Wyk van Heilbron, is vir dié span gekies en het teen formidabele teenstanders soos Oos-Vrystaat en die Barbarians gespeel. Hierdie blootstelling het vir Johannes waardevolle ervaring gebied en hom op 'n groter verhoog geplaas.

Uit die 16 deelnemende spanne is 25 belowende spelers gekies om later vanjaar saam na Namibië te toer vir 'n week – 'n geleentheid wat nie net hul vaardighede sal slyp nie, maar ook hul rugbydrome 'n tree nader aan werklikheid bring.

Die VKb Rugbyweek bly 'n ligpunt vir opkomende talent in die platteland – en spelers soos Johannes is die bewys dat harde werk en passie beloon word.

# SAPS successfully apprehended suspects

The Free State police have successfully apprehended suspects linked to a deadly business robbery and murder that occurred in the early hours of Saturday morning in Phomolong, Deneysville. One suspect was shot and killed when he opened fire on police.

Preliminary reports indicate that five unknown African males gained entry to the shop and bottle store, where they shot the owner and stole an undisclosed amount of money before fleeing the scene.

The search for the remaining suspects continues.



# KENNISGEWINGS

**KENNISGEWING VAN TERINSAELEGGING**

In die boedel van wyle
**JA SPANGENBERG,**
**ID 500621 0012 086,** in lewe weduwee en woonagtig te Markstraat 11, Oranjeville, Provinsie Vrystaat.
**Meesterverwysingsnommer: 008884/2023**
Hiermee word kennis gegee ingevolge Artikel 35(5) van Wet no 66 van 1965 dat die Eerste en Finale Likwidasie- en Distribusierekening in bogemelde boedel in die kantoor van die Meester van die Hooggeregshof te Bloemfontein en in die kantoor van die Landdros te Heilbron, vir ‘n tydperk van 21 dae vanaf datum van publikasie hiervan, ter insae sal lê.
Indien binne genoemde tydperk geen besware daarteen by die betrokke Meester ingedien word nie, gaan die Eksekuteur oor tot die uitbetaling ingevolge gemelde rekening.
**LOUISE SNYMAN**
**RINGERSTRAAT 68, HEILBRON**
**082 965 4964**

---

**NOTICE**
**LOST OR DESTROYED DEED**

Notice is hereby given in terms of Regulation 68 of the Deeds Registries Act, 1937, of the intention to apply for the issue of a certified copy of **Deed of Transfer T12504/1990** passed by
**ERIC GOLDBLATT**
**Identity Number 450829 5022 00 6**
Married Out of Community of Property in favour of EDWIN CLAASSEN BELEGGINGS TRUST, Registration Number TMP1611, in respect of certain PORTION 10 (OF 9) OF THE FARM PALMIETFONTEIN 137, DISTRICT HEILBRON, PROVINCE FREE STATE which has been lost or destroyed.
All interested persons having objection to the issue of such copy are hereby required to lodge the same in writing with the REGISTRAR OF DEEDS: FREE STATE at BLOEMFONTEIN, 85 Nelson Mandela Dr, Bloemfontein Central, within 2 (TWO) weeks from 4 July 2025, being the date of the publication of this notice.
Dated at Parys on this 26th day of June 2025.
**COETZEES ING**
**ATTORNEY FOR APPLICANT**
**25 BUITEN STREET /PO BOX 5**
**PARYS, 9585**
**E-MAIL: j4@coetzeesattorneys.com**
**TEL: 056 811 2136**
**(REF. MR JP COETZEE(JNR)/ADT/ MAT9083)**

**VERLORE OF VERNIETIGDE TITELBEWYS**

Hiermee word kennis gegee dat kragtens die bepalings van Regulasie 68 van die Registrasie van Aktes Wet, 1937, dit die voorneme is om aansoek te doen om die uitreiking van ‘n gesertifiseerde afskrif van **T7259/1981** gepasseer deur **GERT MULLER** gebore op 16 April 1929, BLANKE GROEP, ten gunste van JOHAN HERMAN CRONJE gebore op 31 Oktober 1952, BLANKE GROEP, ten aansien van sekere PLAAS KAPPA 1035, DISTRIK REITZ, PROVINSIE VRYSTAAT wat verlore geraak het of vernietig is.
Alle belanghebbendes wat teen die uitreiking van sodanige afskrif beswaar het, word hierby versoek om dit skriftelik in te dien by die Registrateur van Aktes: Vrystaat te Bloemfontein binne twee weke vanaf datum van publikasie van hierdie kennisgewing.
Gedateer te Reitz op hede die 26ste dag van Junie 2025.
**BLIGNAUT & WESSELS PROKUREURS**
**29 SAREL CILLIERS STRAAT, REITZ, 9810**
**bligwes07@gmail.com**
**TEL: 058 863 2884 / 5**

Besoek ons nou vir al u Skryfbehoefte benodigdhede
Elsstraat 44, Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National



Elsstraat 44
Heilbron
Tel: 058 852 3033
Herald Office National







**HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS**
Geskik vir ongeveer 70 mense. Ingesluit volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.
**Sonja Muller 081 849 1877**

# GEKLASSIFISEERD

**Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars Heilbron Herald (Edms) Bpk, Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron**

**Tel: 058 852 3033/4/5**
**• Faks: 058 853 0140**
**www.heilbronherald.co.za**

**E-POS ADRESSE**
• **Abrie Watson** abrie@heilbron.co.za
• **John Watson** john@heilbron.co.za
• **Winkel** heraldwinkel@heilbron.co.za
• **Kobus** kobuss@heilbron.co.za
(Wyeformaat produksiebestuurder)
WhatsApp Nr. 081 889 8192
• **Silma** marketing@heilbron.co.za
herald@heilbron.co.za
(Korporatiewe klere, oorpakke, kommersiële drukwerk ens.)
WhatsApp Nr. 083 495 5512
• **Carien** heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)
• **Delareyz** finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)
• **Christelle** heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)
• **Cara** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
• **Elsabé** heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)
WhatsApp Nr. 078 857 2106
• **Hendie** heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerantbydraes, advertensies)

**Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.**

*Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.*

# SMALLS

**BIBLIOTEEK OOP**
***Piercestraat 66 • Heilbron***
**Heilbron Biblioteek is VYF DAE per week oop vir die publiek en die tye is as volg:**
**Maandae tot Vrydae** - 09:00 - 13:00 (Volwassenes) en 14:00 - 17:00 (Kinders)
***Biblioteek is gesluit op Saterdae, Sondae & openbare vakansiedae.***

# DIENSTE

**BAAL / SNY & BAAL**
Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal of slegs baal.
1.2m bale (tou/net).
Velde of wenakkers.
Petrus Steyn, Frankfort, Heilbron en Lindley.
KONTAK JACO MEIRING
082 851 6158 OF
PIET MEIRING
082 571 4191
peerlandhandel@gmail.com

BAAL / SNY & BAAL ...
Vir sny-, hark- en baalwerk.

Kontak Evert Kleynhans
072 018 3685 Heilbron

**BESIGHEIDSURE**
**Maandae - Vrydae: 08:00 -16:30**
**Saterdae: 09:00 -12:00**
Elsstraat 42, Heilbron | Tel: 058 853 0006
POSTNET HEILBRON




DUPNO Trading
AUGERS
GRAANDAMME
SINKDAMME
BUNKERS
AFLAAIBAKKE
Kontak:
Ryno 073 268 7565
ryno.dupno@gmail.com

**HEILBRON • EDENVILLE • FRANKFORT**

Kontak hom gerus vir enige Lewendehawe bemarking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

SAME DAY DELIVERY AND COLLECTION BETWEEN HEILBRON AND THE VAAL TRIANGLE FOR ONLY R85
heilbron@postnet.co.za



# HERALD Sport

## Heilbron Gholfdag se gesinsdag slaan houe vir ‘n goeie doel

Die Heilbron Gholfklub het op Vrydag, 28 Junie, ’n uiters suksesvolle Gesinsdag aangebied ten bate van die Heilbron Jeugsentrum, in samewerking met Engo. Hierdie spesiale dag was nie net gemik op sportlui nie, maar het ook gesinne saamgetrek vir pret, en vermaak – alles op een pragtige winterdag vol houe en hoop.

Teen ’n inskrywingsfooi van R350 per span en ’n bydrae van ’n speelding of kombers, het spanne in die formaat Best Drive Better Ball meegeding. Die dag is verder opgehelder deur kindervermaak in die saal, asook ‘n heerlike halfway ete was by die pakket ingesluit.

Die kompetisie was straf, met 12 spanne wat hul houe op die groen gaan meet het. Ná ‘n dag se fyn mik en strategiese speel, het die span van Jackie en Johan Weilbach uitgestyg en met ’n indrukwekkende totaal van 57 punte die eerste plek behaal. Op hul hakke was Simon en Thulani, wat tweede geëindig het met 53 punte. Die derde plek is opgeëis deur Dries en DJ met 50 punte.

**Die volledige uitslag is soos volg:**

1. Jackie / Johan Weilbach – 57 punte
2. Simon / Thulani – 53 punte
3. Dries / DJ – 50 punte



*Op die foto vl: Engo Mascot, Jackie Leonard en Johan Weilbach (Wenners).*

4. Warren / Bimour – 49 punte
5. Leonard / Niklaas – 46 punte
6. Willem / Pieter – 43 punte
7. Wilman / Rikus – 43 punte
8. Moeketsi / Tshobani – 47 punte
9. Arnold / Ruan – 40 punte
10. David / David (jnr) – 22 punte
11. Schalk / Christian – 48 punte

Buite die kompetisie was die ware wenner van die dag die gemeenskap self. Gholfspelers het die aand ook hul wenpryse opgeveil ten bate van liefdadigheid. Die fondse en donasies wat ingesamel is, sal ’n wesenlike bydrae lewer tot die werk van die Heilbron Jeugsentrum, wat daagliks ’n veilige hawe en ondersteuning aan kinders en jongmense in die gemeenskap bied.

Die organiseerders en deelnemers het almal eenstemmig bevestig dat hierdie inisiatief nie net gholftalent laat skitter het nie, maar ook harte verenig het vir ‘n hoër doel.

## Heilbron Posduifklub spog met sukses-volle jongduifresies vanaf Queenstown

Op Saterdag, 28 Junie 2025, het die Heilbron Posduifklub weer hul vlerke gesprei tydens ’n jongduifresies vanaf Queenstown. Die duiwe is presies om 08:00 die oggend vrygelaat, en die wenduif is reeds om 15:17 in Heilbron aangeteken. In totaal het 90 jong duiwe aan die vlug deelgeneem. Die jong duiwe se posisies is as volg:

1. Peet van Zyl
2. F Viviers
3. Cilliers en Van Vuuren
4. OJS Hokke
5. Zenith Lofts
6. F Viviers
7 OJS Hokke
8. Cilliers en Van Vuuren
9. Cilliers en Van Vuuren
10. WING IT

Die open duiwe van die Heilbron Posduifklub is ook Saterdag 28 Junie gevlieg en is om 08:30 uit Queenstown vrygelaat. Die wenduif is om 15:47 in Heilbron ingeklok.

Die posisies is as volg:

1. OJS Hokke
2. OJS Hokke
3. Cilliers en Van Vuuren
4. Cilliers en Van Vuuren
5. Zenith Lofts
6. Cilliers en Van Vuuren
7. OJS Hokke
8. Cilliers en Van Vuuren
9. OJS Hokke
10. OJS Hokke

## Kransfontein Resiesduif Klub

Op Saterdag, 28 Junie 2025 het Kransfontein Resiesduif klub vanaf Trompsburg gevlieg. Die duiwe is om 07:45 gelos en die wen duif is om 11:59 geklok op Reitz 7 lede en 259 duiwe het deelgeneem.

1. Spartan Pigeons 3,
2. Spartan Pigeons 2,
3. Spartan Pigeons 3,
4. Spartan Pigeons 3,
5. Morgenzon Lofts A,
6. Morgenzon Lofts B
7. Morgenzon Lofts A,
8. Mogenzon Lofts B
9. Morgenzon Lofts A, 1,
10. Morgenzon Lofts B

Volgende Saterdag vlieg die duiwe weer vanaf Springfontein.



*Op die foto is Willem Muller van Spartan Pigeons 3 met die wenduif 3322.*




BKB

The Trusted Home of Agriculture
Die Betroubare Tuiste van Landbou

BELANGRIKSTE veilings

**MAANDAG - 7 JULIE 2025**

BADPLAAS Weeklikse veiling
Kontak Themba Shongwe 076 557 9346

WARDEN Maandelikse veiling
Kontak Francois Duminy 082 528 1899

**DINSDAG - 8 JULIE 2025**

VREDE Maandelikse veiling
Jandré Moll 082 307 9169

KLERKSDORP Twee-weeklikse veiling
Kontak Nico Jacobs 082 892 4036

HENDRINA: STEINBERG BEEFMASTERS
1STE PRODUKSIEVEILING
11:00, Mooiplaas
Kontak Rocco van Rooyen 082 799 2776

LADYSMITH KZN: SANDSPRUIT, AMAKOSI
& GERMART DROUGHTMASTERS
PRODUKSIEVEILING
11:00, plaas Oakdale
Kontak Riaan Ferreira 082 372 9454

**WOENSDAG - 9 JULIE 2025**

BULTFONTEIN Twee-weeklikse veiling
Kontak Piet Ferreira 082 776 1516

WITBANK Weeklikse veiling
Kontak Rocco v Rooyen 082 799 2776

LEANDRA: GOUDVELD GROEP
BEEFMASTER PRODUKSIEVEILING
11:00, Leandra
Kontak Tielie Crawford 082 331 2038

**DONDERDAG - 10 JULIE 2025**

FRANKFORT Weeklikse veiling
Kontak Deon Stegmann 079 878 2109

KROONSTAD Weeklikse veiling
Kontak Schalk Jonker 073 007 0022

ERMELO Weeklikse veiling
Kontak Boet-Jan vd Wath 072 626 9242

**VRYDAG - 11 JULIE 2025**

BETHLEHEM Weeklikse veiling
Kontak Schalk Burger 076 070 1411

STANDERTON Weeklikse veiling
Kontak Carel Davel 082 331 1811

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling
Kontak Salty de Villiers 073 816 4956

www.bkb.co.za
BKB Limited 1998/012435/06
Posbus 220, Frankfort, 9830
Tel: (058) 813 1071
e-pos: frankfort@bkb.co.za